VERKRYGING VAN PROSPEKTEER REGTE

INLEIDING

Hierdie vrae en antwoorde dokument is ontwerp om u van inligting te voorsien ten opsigte van die mees algemene vrae oor prospekteerregte. Lees asseblief die dokument noukeurig deur en moenie huiwer om EIMS te kontak indien u enige verdere vrae, bekommernisse of kwessies het nie. (Verwys asseblief na die kontakbesonderhede aan die einde van hierdie dokument.)

1. WAT IS PROSPEKTERING?

Voordat 'n mynmaatskappy enige gelde bestee om 'n myn op te rig, moet hulle eers die omgewing ondersoek om die volgende te bepaal:

- Watter kommersieel waardevolle minerale (indien enige) kom in die area voor?
- Hoeveel van hierdie minerale is daar? (M.a.w. regverdig dit die kapitale uitleg om 'n myn in die area te begin?)
- Is die minerale neerslae in 'n formasie wat ekonomies lewensvatbaar is om gemyn te word? (Bv. hoe diep is die formasie waarin die neerslae voorkom?)
- Indien die minerale gemyn word, sal dit 'n oopgroefmyn of 'n ondergrondse myn wees? (Beide het hul eie unieke omgewings-, veiligheids-, gesondheid- en kosteimplikasies.)

Om te besluit of dit die moeite werd is om 'n myn in 'n spesifieke area te begin, moet hierdie en ander vrae beantwoord word. Dit kan slegs gedoen word deur vooraf ondersoeke (prospektering) in die area te doen.

Volgens die Wet op Mineraalhulpbronontwikkeling (Wet 28 van 2002) sluit prospektering metodes in wat die oppervlak van die grond versteur, insluitende aarddele wat onder die see of water is.

2. IS DIT WETTIG?

Ja, prospektering is wettig maar dan moet dit voldoen aan die spesifikasies soos uiteengesit deur die Wet. Artikel 17(1) maak daarvoor voorsiening dat die Departement van Mineraalhulpbronne (DMH) prospekteerregte aan 'n aansoeker kan toeken. Hierdie magtiging is die resultaat van 'n wetlike proses wat sekere omgewings- en maatskaplike studies insluit. Die wetlike proses behels dat:

- 'n Aansoek word aanhangig gemaak by DMH.
- Die DMH aanvaar die versoek en dat Geïnteresseerde en Geaffekteerde Partye (GGPs) ingelig word van die versoek en geleentheid gebied word om kommentaar te lewer.

- Die DMH ondersoek die dokumentasie en staan die aansoek toe of keur dit af na gelang van die meriete van die projek.
- Indien die aansoek toegestaan word, word ‘n permit vir prospektering toegestaan.

3. HOE KAN EK BETROKKE RAAK?

DieWet maak voorsiening vir openbare deelname en stel dit dat die grondbesitter of wettige bewoner van die grond geraadpleeg word en dat sodanige bespreking aan die DMH voorgelê word as deel van die aansoekdokumentasie.

EIMS neem die volgende stappe om te verseker dat alle sleutel GGPs ingelig word en vir kommentaar uitgenooi word:

- EIMS is tans besig om alle grondbesitters en wettige grondbewoners van die geaffekteerde plase/areas te identifiseer. Na identifikasie, sal hulle per brief ingelig word van die voorgenome aansoek vir prospekteringsregte asook hierdie inligtingsdokument.
- ‘n Advertensie sal in die amptelike kennisgewing seksie van ‘n plaaslike koerant geplaas word. Daarin sal GGPs uitgenooi word om hulself te registreer en om EIMS van hulle kommentaar, vrae en kwessies in die verband te voorsien.
- Kennisgewings sal op/by alle geïdentifiseerde eiendomme aangebring word.
- Kennisgewings sal ook by sommige belangrike samekomspunte soos die poskantoor en plaaslike winkels aangebring word.
- Die munisipaliteit en wyksverteenwoordigers sal ook ingellig word.
- Die Boerevereniging sal ingelig word.

NOTA: ‘ n GGP is enige persoon/entiteit wat van mening is dat hy/sy óf deur die voorstel geraak word (geaffekteer) óf bloot belangstel in die voorstel. Dit beteken dat enige iemand geregtig is om deel te neem aan die proses.

4. WAT WORD TYDENS PROSPEKTERING GEDOEN?

Verskillende prospektering metodes bestaan en dit hang af van die tipe mineral waarna gesoek word. Hierdie metodes sluit in:

- Boordery van beperkte omvang.
- Toetsuitgrawings.

Soos uit bogenoemde afgelei kan word is het prospektering ‘n baie klein impak op die omgewing en boerderyaktiwiteite.

5. WAT WORD VAN MY AS DIE GRONDEIENAAR VERWAG?

'n Toegangsooreenkoms moet geteken word om die prospekteerder toegang tot u eiendom te verleen. Voorts mag die prospekteerspan versoek dat u aan hulle toestemming sal gee om water te gebruik.

6. WAT GEBEUR AS HULLE NIE EKONOMIES LEWENSVATBARE MINERALE NEERSLAE OP MY GROND VIND NIE?

In die geval dat geen ekonomies lewensvatbare mineral neerslae op u grond gevind word nie, sal u skriftelik daarvan verwittig word. Afhangende van die neerslae wat gevind is en die vooruitgang in tegnologie, kan verdere prospektering in die toekoms onderneem word.

7. WAT GEBEUR AS HULLE EKONOMIES LEWENSVATBARE MINERALE NEERSLAE OP MY GROND VIND?

Indien ekonomies lewensvatbare minerale neerslae gevind word, volg 'n nuwe wetlike proses. Hierdie proses staan bekend as 'n **aansoek vir mynregte**. Indien DMH die aansoek toestaan, beteken dit dat 'n myn moontlik op die grong opgerig sal word.

8. WAT SLUIT 'n AANSOEK OM MYNREGTE IN?

Hierdie proses is van baie groter omvang as die proses om prospekteerregte te bekom. Dit behels:

- 'n Aansoek aan die DMH.
- Die voorbereiding van 'n omgewingsimpakstudie en omgewingsbestuursplan ingevolge die Wet.
- 'n Volledige en omvattende openbare deelnameproses.
- Die voorlegging van die vorige twee studies aan die DMH ten einde 'n besluit te neem.
- 'n Besluit van die DMH ten einde die aansoek goed te keur of af te keur. Indien die aansoek goedgekeur word sal daar sekere voorwaardes geld.

9. BYKOMENDE INLIGTING EN VOORLEGGING VAN VRAE, BEKOMMERNISSE EN KWESSIES

EIMS stel deurentyd 'n Kommentaar en Reaksie Verslag op. Hierdie verslag bevat die vrae, bekommernisse en kwessies wat al die GGPs voorgelê het asook toepaslike antwoorde/kommentaar hierop. Die dokument word aangeheg aan die ander omgewingstudies wat uitgevoer word en word aan DMH voorgelê vir oorweging en moontlike aanvaarding/afkeuring van die prospekteer regte.

Die volgende inligting word benodig wanneer u ‘n vraag vra, kommentaar lewer of ‘n bekommernis of kwessie uitlig (verwys asseblief na die aangehegte kommentaarblad):

- Die EIMS verwysingsnommer van die projek (11 verskillende aansoeke maak deel uit van hierdie projek en dit is noodsaaklik dat EIMS weet na watter een u verwys. Projekte is van A – K genommer – verwys asseblief na die aangehegte brief om die regte projekverwysing te kry).
- Die DMH verwysingsnommer – ook op die brief.
- Die naam van die plaaslike munisipaliteit.
- Plaas naam en gedeelte nommer (indien u ‘n grondeienaar / wettige bewoner van die grond is of ‘n aangrensende grondeienaar is).
- U naam en van.
- U organisasie (indien toepaslik).
- U kontakbesonderhede (telefoon (beide huis/kantoor en selnommers), faks nommer, e-pos adres en posadres).
- U vraag/ kwessie/bekommernis/opmerking.
- Die datum van die brief/faks/epos.

Verwys asseblief na die kontakbesonderhede aan die einde van die aangehegte brief. Let asseblief daarop dat kommentare aan die DMH en EIMS gestuur moet word.

10. TYDSKALE

KOMMENTAAR VAN GGPs

Alle GGPs het 30 kalender dae om kommentaar te lewer op die voorstel. Maak asseblief seker dat u kommentaar, ens. ons voor die einde van die 30 kalenderdae bereik. (Dit beteken dat ekstra tyd toegelaat moet word indien u die kommentaarblad per pos stuur.)

BESLUIT OOR DIE AANSOEK

Die DMH neem ‘n besluit binne ‘n redelike tydsbestek na voorlegging van die voltooide aansoek.